

HOOFSTUK I.

LEWENSKETS: SIR JOHN ERNEST ADAMSON. 1867-1950.

1. FAMILIE.

Op die 5^e Desember 1919 het John Ernest Adamson op 'n inspekteurskonferensie 'n toespraak¹ gelewer waarin hy aangetoon het, dat deur aanpassing eensydigheid uit die opvoedingsdoel geweer en onderwys en opvoeding tot 'n selfstandige eenheid saamgesnoer word. Die volkome opgevoede mens sal uit eie beweging tot sy hoogste lewensroeping in staat wees omdat hy met sy aangebore en besondere individualiteit, soos alle mense, in 'n driesoortige omgewing, die natuurlike, die kulturele en die sedelike, sy lewensdoel slegs deur aanpassing kan verwesenlik.

Die man wat die opvoedingsdoel en die bestemming van die mens tot so 'n outonome konsep herlei het is 'n spruit uit 'n voorgeslag wat op die gebied van die masjiene-wese² baanbrekerswerk gedoen het, en deur die strenge lewenseise geleer het om op eie bene te staan.

John E. Adamson het die eerste lewenslig op 11 Januarie 1867 in Wakefield, in die weste van Yorkshire, Engeland, gesien. Om aan die veeleisende werk van die tradisionele aambeeldnering van sy voorvaders te voldoen en liggaamlik geskik daarvoor te wees het hy as jongeling 'n aktiewe lewe gelei en aan verskeie sportsoorte deelgeneem.

"I have played most games
with a considerable measure of
success."³

Daarom kon hy as die latere ervaringsrype onderwyshoof telkens met waardering na die voordele van skoolsport en ander buitemuurse groepaktiwiteite verwys.⁴

1. T.O.D. Jaarverslag 1919: Education as Adjustment, 201-8.

2. Persoonlike onderhoud, 3/5/41, Pretoria.

3. Brief, 24/2/45.

4. T.O.D. Jaarverslae: 1920, 52; 1921, 40; 1922, 14; 1923, 13.

Toe hy as jong dosent aan die Opleidingskollege van Suid-Wallis, Carmarthen, werksaam was, het hy met mej. G. Thomas in die huwelik getree. Die egpaar het in 'n kinderlose egverbintenis tot vroeg in die jaar 1941 saamgeleef.

Aan die Sir John Adamsonskool in Johannesburg, is haar naam deur sir John, deur die toekenning van 'n beurs, „The Lady Adamson Bursary or Prize,”⁵ in blywende herinnering geroep. Aan die teerheid waarmee hy na sy ontslape eggenote verwys het is dit duidelik dat hy 'n hoë waarde aan huislikheid en gemeenskapsomgang geheg het om die lewensgeluk te verhoog.

“No man or woman should, at 5 p.m., be unable or unwilling to switch the current of sympathy on to home, child, neighbour or friend.”⁶

Die eerste indruk wat hierdie land op hom gemaak het was een van aangename verrukking:

“Table mountain was for me, on a November morning of 1902, just a miracle of beauty.”⁷

en dis dan ook te verstane waarom hy hierdie land in die aand van sy lewe as pensionaris op Muizenberg, as sy laaste tuiste gekies het.

Sir John, 'n man van oor die ses voet, het oor 'n sterk en geniale persoonlikheid beskik waarin sy grysblou oë 'n betekenisvolle rol gespeel het. Dat die lewe hom liggaamlik en geestelik gunstig bedeel het, blyk uit een van sy briewe:⁸

“I am keeping wonderfully well considering that I completed my 78th year on the 11th of January.”

5. Brief, 24/10/42. Bedrag £100 teen 3½% belê en jaarlikse rente in die vorm van 'n beurs vir leierskap kenmerke toegeken.

6. Adamson: Externals and Essentials, 22.

7. Adamson: The Individual and the Environment, 77.

8. Brief, 24/2/45.

Vyf jaar later word sy dood egter deur 'n Afrikaanse oggendblad aangekondig:⁹

"Sir John Adamson, wat negentien jaar lank direkteur van onderwys in Transvaal was en ook onder-kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika van 1922-1926, het in die ouderdom van 83 jaar aan sy huis by Muizenberg beswyk."

2. SY OPLEIDING:

Omdat vader Adamson klaarblyklik wis wat dit beteken het om met olie-betakelde klere en vuil hande 'n lewensbestaan te voer het hy besluit om sy enigste seun John in die rigting van 'n beroep te stuur. Die seun het ook nie op hom laat wag nie.¹⁰ In die St. Michaels laerskool van sy geboortestad het hy met veel ywer en welslae die laerskoolloopbaan voltooi.

Reeds vroeg in sy lewe het die onderwysberoep sy belangstelling gaande gemaak en het hy hom as leerlingonderwyser by sy Alma Mater laat inskryf om sodoende sy middelbare onderwysloopbaan te begin.

Nadat hy die „Queens Scholarship“-eksamen met onderskeiding afgelê het, het hy student aan die St. Marks Opleidingskollege, Chelsea in Londen, geword om die gewone tweejarige onderwysersopleidingskursus te volg. Dat hy reeds toe al oor besondere talent beskik het, word bewys deur sy prestasie om die 17^e plek in die hele eksamen en die eerste plek aan die St. Marks Kollege te verower. Aan hierdie kollege was 'n oefenskool verbonde en omdat hy soveel talent en geesdrif aan die dag gelê het, was die kollege-otoriteite daarmee ingenome dat hy hul aanbod om oefenskoolonderwyser te word, aanvaar het. In hierdie inrigting kon hy gedurende sy tweejarige verblyf voldoende praktiese ervaring in sowel die laer- as die middelbare

9. Die Transvaler, 26/4/50.

10. Brief, 8/9/41.

onderwys onder gunstige omstandighede opdoen, daar die oefenskool vir beide afdelings voorsiening gemaak het.

Na hierdie voorbereidende kursus gaan hy op uitnodiging na die Opleidingskollege van Carmarthen in Suid-Wallis, waar hy hom veral op Engels, letterkunde, elementêre sterrekunde en, volgens aangebore neiging, ook op musiek en koorsang toegelê het.

In 1901 het hy dan ook deur private studie die Magistergraad in die wysbegeerte behaal en terwyl hy nog daar werksaam was, is hy deur sir Michael Sadler uitgekies om na Suid-Afrika te gaan ten einde met die onderwysvraagstukke van die pas verowerde Transvaal, wat toe onder Lord Milner se militêre regime gestaan het, behulpsaam te wees.

Hoewel dit die einde van Adamson se opleiding as sodanig was, was dit verreweg nog nie die einde van sy studies nie want saam met sy geestelike vader, Plato, onderskryf hy die stelling:

"We are back at Plato again with his dictum of education as a lifelong process. If education is the idealisation of life, it must be as long as life."¹¹

Onder die leiding van mnr. A.K. Bot van Pretoria, het hy vanaf 1907 tot 1910 Nederlands bestudeer en nie slegs Nederlands magtig geword nie, maar ook ons eie Afrikaanse taal¹² aangeleer. Hierbenewens kon hy ook Frans en Duits praat en het hy baie, studieus en wyd gelees, omdat hy geglo het:

"Reading is to our spiritual life what eating is to our physical life, a means of survival."¹³

11. Adamson: *Externals and Essentials*, 102 tot 103.

12. *Het Christelike Schoolblad*. Deel 19, Mei 1918: Adamson lewer sy toespraak in keurige Afrikaans.

13. Adamson: *Externals and Essentials*, 116.

Deur selfstudie het hy in 1921 sy standaardwerk¹⁴ die lig laat sien, en daarmee het hy op 54-jarige leeftyd 'n doktorsgraad in die wysbegeerte verwerf.

Op 78-jarige ouderdom is hy nog student en sê hy:

"My recreations for such intellectual energy as I have left are some branches of Mathematics which I hadn't touched and Geskiedenis vir Suid-Afrika by S.F.N. Gie."¹⁵

Daarom kon hy dan ook so 'n pragtige pleidooi vir „konsentrasie as 'n lewensgewoonte"¹⁶ lewer en daarom kon hy sê:

"The only final education is self-education."¹⁷

3. SY AMPTE.

Hy het reeds in sy opleidingsjare getoon dat hy in die hoedanigheid as monitor en junior-assistent belangrike werk as medehelper in sy inrigting kon verrig. Gewoonlik was dit 'n uitnodiging wat op 'n aanstelling uitgeloop het. So word die einde van sy laerskoolloopbaan die begin van sy leerlingonderwysersskap aan die St. Michaels en die einde van sy „Queens Scholarship" 'n personeelaanstelling aan die St. Marks Kollege. Hierdie aanstelling is in 1902 deur 'n uitnodiging na die Transvaal opgevolg en wel om as hoof van die Pretoriase Normaalkollege met sy sowat 80 studente behulpsaam te wees met hul professionele en akademiese studies.

In 1905, na die vertrek van mnr. Fabian Ware, die destydse onderwysdirekteur van Transvaal, aanvaar Adamson die betrekking wat hy vir die rekord tydperk van 19 jaar met onderskeiding gevul het.

Gedurende hierdie jare het hy in beide sy persoonlike hoedanigheid en as direkteur van onderwys, verskeie amptelike en half-amptelike staatsbetrekkings bekleed. So

14. Adamson: The Individual and the Environment.

15. Brief, 24/2/45.

16. Adamson: Externals and Essentials, 8 tot 25.

17. Ibid, 25.

was hy byvoorbeeld 'n gewilde keuse op openbare opvoedkundige kommissies van ondersoek, en vise-kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika van 1922 tot 1926.

In 1924 het Adamson, wat toe reeds 57 jaar oud was, tengevolge van belangrike veranderinge in die Sentrale Bestuur en die Provinsiale Uitvoerende Komitee, verkies om sy amp neer te lê. As 'n erkenning vir sy getroue diens het hom die eer van 'n „sirskap" te beurt geval. Hiervan maak die Christelike Schoolblad¹⁸ soos volg melding:

„Ons wens dr. Adamson baie geluk met die onderskeiding van Knight Bachelor wat hom te beurt geval het. Ons opregte wens is dat sir John nog lank gespaar mag bly om hom te wy aan die werk wat hy graag wil doen.”

Na sy uitdienstreding is hy weer op uitnodiging vir vyf jaar as Rektor van die Grahamstadse Universiteitskollege aangestel. Hierdie betrekking het meegebring dat hy jaarliks na Rhodesië moes afreis om persoonlik 'n verslag oor die vordering van die Rhodesiese studente aan die regering van daardie land, wat 'n donateur van die Grahamstadse Universiteitskollege was, voor te lê. 'n Verdere verlenging van sy werksaamhede as Rektor is beleefd deur hom van die hand gewys met die begeerte dat 'n jonger man die amp behoort te beklee.

Daarna het daar vir hom nog een korte jaar, waarin hy die volle gloed van sy verhewe gedagtes kon laat seëvier aangebreek. Prof. Percy Nunn, hoof van die Opvoedkundige Fakulteit aan die Universiteit van Londen, moes in 1935 om gezondheidsredes na Madeira gaan en Adamson het op uitnodiging hierdie betrekking met gewilligheid en genoeë aanvaar. Die studente wat aldaar aan sy sorg toevertrou is, het hoofsaaklik nagraadse werk gedoen en gevolglik kon hy toe met filosofiesonderlegde studente omgaan.

18. 1 Julie 1924, 14.

Dit was vir hom 'n geleentheid so na sy hart, want toe kon hy in sy wysbegeerte leef.¹⁹ Plato se ideë-ryk het sy gedagtegang voorberei:

"The jump from the unreal world to the ideal world of Plato which is the final reality and the adding of the ideal of divinity to that ideal world is, I think, where most students have entered. I.o.w. that is their religion. My own feeling is, being a realist to a considerable extent that you must get this blending of the pure and the impure, of the sordid and the clean, the temporary and the eternal. You must get at that by not going up to the skies but by finding how the biological view of Education can be combined with a sequence of ideals ÷ E = B.V. Education is equal to the biological adjustment of the individual and the environment with the emergence of some sort of moral or aesthetic value. That is the clue to my philosophy."²⁰

Die menssel bestaan uit die indiwidu, die omgewing en 'n waarde bepalende faktor en die opvoedkundige uitwerking sal van die menssel afhang.

"We can describe our continuum more picturesquely if you prefer it, as a blend of the soul, its setting and its destiny."²¹

As pensionaris te Muizenberg is hy telkens en selfs nog in 1934 en 1941 gevra om die tuig weer op te neem as voorsitter van staatskommissies van ondersoek.²² In 'n brief gedateer 8 September 1941 sê hy:

"Indeed I have been out of harness only for short periods since my retirement from the public service."

Maar die einde van 'n vrugbare en aktiewe lewe het in sy geval ook aangebreek en vanaf sy 78ste jaar het die belangstelling, inspanning en stamina van eertyds vinnig afgeneem.

19. Adamson: The Individual and the Environment, 1 tot 38.
Externals and Essentials, 82 tot 103.

20. Onderhoud, 3/5/41.

21. Adamson: Externals and Essentials, 93.

22. Sien bronnelys.

"After having considered all the evidence I am left in no doubt that when Sir John executed this will on May 20, 1947, he had neither a sound mind nor an understanding of its contents."²³

4. ONDER VERSKEIE REGERINGS.

Op 'n versoek van Lord Milner aan die „London Board of Education“ in 1902 om 'n aantal bekwame jong manne, wat bystand in die baanbrekerswerk op onderwysgebied in die pas verowerde Suid-Afrikaanse Republiek kon verleen, het die keuse van sir Michael Sadler, lid van die „Board of Education“ van Engeland, onder andere op Adamson geval.

Toe hy in 1905 as normaalskoolhoof die onderwysdirekteurskap aanvaar het by die uitdienstreding van mnr. Fabian Ware, was mnr. (later sir) Patrick Duncan, die Minister van Onderwys van die Milner Militêre Administrasie.

Na byna drie jaar van kroonkolonie bestuur, het die Engelse regering besluit om op 31 Maart 1905 Verteenwoordigende Bestuur aan die Transvaal toe te staan.

Die Wetgewende Vergadering wat hierop in die lewe geroep is het uit ses tot nege amptenare, waarvan die Direkteur van Onderwys een was, en 30 tot 35 verkose lede bestaan.

In 1905 is Lord Milner deur die vérsiende Lord Selborne opgevolg. Ingevolge die Campbell-Bannerman beleid is aan die Transvaal op 6 Desember 1906 Verantwoordelike Bestuur toegestaan. Die nuwe grondwet het vir 'n Uitvoerende en 'n Wetgewende Mag voorsiening gemaak.

Lord Selborne was toe die Goewerneur, generaal Louis Botha die Eerste Minister en generaal Jan C. Smuts die Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys.

Die onderwyswet van Sargant,²⁴ wat in 1906 nog van krag was, het onder andere aanleiding gegee tot die herlewing

23. The Sunday Times, 16/9/51. Supreme Court decision.

24. Ordonnansie No. 7 van 1903.

van die beweging vir „Vrye Christelike Nasionale Skole.” Hierdie beweging, wat Britse inmenging in die skoolwese nie geduld het nie en nasionale en Christelike onderwys voorgestaan het, het in 1905 so in omvang toegeneem dat die openbare onderwys daardeur verdring kon word. Tengevolge van die instelling van Verantwoordelike Bestuur en die Nuwe Onderwyswet²⁵ van 1907, het die Smutsbeleid onder die „Het Volk”-regering dermate tevredenheid verskaf dat Adamson soos volg kon rapporteer:

“The period will always be a specially noteworthy one, because it saw the end of the „Christelike Nasionaal Onderwijs” Association.”²⁶

By unifikasie in 1910 is 'n sentrale beheer, die Unie-parlement, met 'n stelsel van afsonderlike Provinsiale Rade vir die vier provinsies daargestel. Hierdie verandering het die inkomste en die wetgewende mag van die provinsies aansienlik ingekort. Dit het verder 'n verandering in die beheer oor onderwys meegebring. Laer- en middelbare onderwys sou voortaan die taak van die afsonderlike provinsies wees, terwyl die naskoolse onderwys²⁷ die taak van die Sentrale Regering uitgemaak het. Die Provinsiale Beheer sou voortaan deur 'n Administrateur, 'n Uitvoerende Komitee en 'n Provinsiale Wetgewende Vergadering behartig word.

Agtereenvolgens sou Adamson vir die onderwys verantwoordelik wees onder Administrateurs Johann Rissik, 1910 tot 1915; A.G. Robertson, 1915 tot 1924; en J.H. Hofmeyr, 1924 tot 1929, en sy werk doen onder moeilike politieke omstandighede en dikwels in ekonomiesonstuimige oorlogs- en na-oorlogse jare. Gedurende hierdie tydperk is daar verskeie Uniale en Provinsiale Kommissies van Onderzoek²⁸

25. No. 25 van 1907.

26. T.O.D. Jaarverslag 1907, 1.

27. (i) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 122 tot 123.

(ii) Vakonderwys onder Unie-regering vanaf 1926.

28. Sien bronnelys.

aangestel om aanbevelings te doen ter verbetering van onderwysaangeleenthede en dit was veral die taak van die direkteur om die Engels- sowel as die Afrikaanssprekende volksdele kragtens die Smutswet deur middel van onderwysregulasies, waarin hy 'n redelike vrye hand gehad het, tot aanpassing te lei.

Dat die Milner-amptenaar Adamson ook persoonlike aanpassing onder verskeie staatsvorms tot sy reg laat kom het, lewer 'n gunstige pleidooi vir sy opvoedkundige idee dat opvoeding aanpassing is!

In 1924 het 'n Nasionale-Arbeider-Koalisiereregierung aan bewind gekom wat die vrywillige bedanking van Adamson as Transvaalse Direkteur van Onderwys meegebring het.

5. ADAMSON EN DIE ONDERWYS.

Waar William James se opvoedkundige filosofie daarop neergekom het dat:

"The corridor belongs to all."²⁹

daar het Adamson reeds in 1906³⁰ en ook daarna wyse raad en nuttige wenke in verband met ons besondere gedrag in daardie „gang" gegee:

Eerstens het hy onder andere aangetoon wat vir ons groeiende onderwysstelsel in die jare wat voorgelê het, nodig was:

- (i) Minder verwisseling van die personeel in die hoofkantoor sal groter bestendigheid en beter voogdyskap meebring.
- (ii) Ons behoort nie slegs die erfenis van die nalatenskap van ons voorgangers te wees nie maar ons moet self ook oorspronklike werk doen.
- (iii) Die opbouende en afbrekende kritiek maak die oplossing van ons onderwysvraagstukke wat hy soos volg sien, nie makliker nie:
 - (a) Noodsaaklike reorganisasie van die hoofkantoor.

29. Thomas: Living Biographies of Great Philosophers, 303.
30. T.O.D. Jaarverslag 1906, 7-11.

- (b) Die uitbreiding van die pligte van die inspektoraat.
- (c) Die uitbreiding van die sisteem van adviseerende liggame.
- (d) Die vraagstuk van terreine vir die oprigting van skole.
- (e) Die oprigting van skole vir laeronderwys.
- (f) Die staat se geldelike verantwoordelikheid ten opsigte van middelbare onderwys.
- (g) Die verbetering van die diensvoorwaardes van onderwysers(esse).

In die tweede plek wend hy hom tot die onderwyser en die eise van die onderwys.

"Still, teachers are inclined to run in grooves; rarely to look out of the furrow on to the broad field; automatically to obey habit rather than to cultivate intelligent insight;"³¹

Putgedagtes pas dus alleen by diegene wat in 'n put is en daarom wil hy reeds vroegtydig die weg wat nagestreef moet word, aantoon. Die vernaamste euwel, wat deur die onderwyser vermy moet word, is die neiging om 'n middel vir 'n doel aan te sien, byvoorbeeld:

"Consider the three R's which dominate with such stifling effect the sphere of elementary education. It is necessary that a boy should be able to read, but this is but a means; the end is that he should desire to read, that he should turn, instinctively to what is good to read, and that he should read it not with blind acceptance but with intelligent and self-reliant judgment.

He learns to write, but the end is not the clean and symmetrical characters on the page of a copy-book, but the power to set out in an orderly, lucid, and, if possible, attractive way what is in his mind.

His skill in working arithmetical exercises will avail him

little if it is not indicative of a well-balanced judgment able to extricate the essentials of data and combine them in a logical result.

The varied activities which the school time-table regulates should be regarded as instruments for the development of sound intellectual habits.

Nor are intellectual habits the only or even the primary ends of school life. To be clean, punctual, and orderly; to be frank, keen, courageous and self-reliant; to be courteous, thoughtful and self-sacrificing - these are moral ends which a good school can, and should, secure. The bearing of the children, the desks, walls, and floor of a classroom, the playground conversation are safe guides to the moral condition of a school. A talk on the need and value of courtesy should not be regarded as a regrettable expenditure of time which might have been given to mental arithmetic.

Habits should be set before attainments; discipline - not the loud cast-iron sort, but the silent discipline of an appropriate environment - should be thought of as preceding instruction in the list of educational instruments; moral and aesthetic culture should be the end to which even intellectual training should be subservient. There is, it need hardly be said, no opposition between the gaining of knowledge and the formation of character what ultimately matters is what a man is, not what he knows."³²

Karakteropvoeding wat met maatskaplike deug rekening hou is deur hom beoog. Vir ons gedrag in die alledaagse lewenswandel ag hy 'n goeie karakter en maatskaplike deug as noodsaaklike vereistes en in hierdie lewenswandel moet gedrag steeds aan bepaalde deeglikheidsvereistes beantwoord:

"Of course nobility of character is an asset, the greatest asset ..."³³

Toe hy die stelsel van C.N.O.-skole³⁴ bespreek het, was sy standpunt:

32. T.O.D. Jaarverslag 1906, 9 tot 10.

33. Adamson: The Individual and the Environment, 345.

34. T.O.D. Jaarverslag 1907, 1.

"It is unnecessary to enlarge upon the way in which these C.N.O. schools came into existence. It would not be necessary at all if one were writing for the information of the public of the Colony. There is, however, a record for the future to be considered, and there are those in other colonies and countries who follow our affairs with close interest."

en daarom is dit vir hom noodsaaklik dat die mens ter bevordering van gesonde omgang deeglikheid as 'n belangrike lewensvereiste moet beskou en dat alle misverstande by voorkeur deur persoonlike bemoeiings uit die weg geruim moet word.

"Gradually, however, the boards become accustomed to the necessary routine; difficulties were cleared away, or at least the position was clearly defined through many personal interviews which I had with the boards."³⁵

Hierbenewens kon hy ook waardering uitspreek oor deugde soos getrouheid en lojaliteit. Toe dr. N.M. Hoogenhout en mnr. John Robinson uit die Onderwysraad getree het, het hy hom soos volg daaroor uitgelaat:

"They have, I venture to say, every reason to be proud of the record of their work on the Council."³⁶

Daarby was hy 'n persoon wat nie vir werk teruggestaan het nie en wat selfs die tyd kon afsonder om aandag aan kleinere besonderhede te skenk:

"Where there is weakness in history or geography, but this is compensated by strength in the second language or in science, the case is specially considered by myself."³⁷

Hierdie man, wat Tafelberg so mooi gevind en die Suide in sy liedere³⁸ besing het, het ook 'n oog vir die skoonheid en aantreklikheid in die klein gemeenskap van die

35. T.O.D. Jaarverslag 1910, 15.

36. Ibid, 1912, 24.

37. Ibid, 1912, 33 - insake Std. VI eksamen.

38. Adamson: „Songs from the South."

skool gehad. Nadat hy aangetoon het³⁹ hoe seldsaam belangstelling in boomaanplanting en skoolterreinverfraaiing was, het hy onomwonde verklaar:

"Indeed, to bring the environment - inside and outside school - up to a satisfactory aesthetic standard is one of our most urgent calls."⁴⁰

Nadat hy hierdie saak met die „Society of Architects" van Johannesburg bespreek het, was sy verwagting:

"It is hoped that with the aid of the Society it may be possible to ... demonstrate what can be done to make buildings - hall, corridors, classrooms - and grounds attractive in a simple way, and without any great expenditure save that of time and interest."⁴¹

Adamson se hele loopbaan en lewensbeskouing was trouens 'n bewys van sy begeerte om denkende, beskaafde, presiese en opgevoede mense aan die staat en die samelewing deur opvoeding en onderwys toe te vertrou:

"The perfect citizen of the perfect city would be a perfect man."⁴²

Hy het soos Plato,⁴³ die deug voorop gestel.

6. NOODSAAKLIKHEDE EN BYKOMSTIGHEDE.

"Things are very seldom what they seem:
Skim-milk masquerades as cream,
High-lows pass as patent leathers,
Jackdaws strut in peacocks' feathers,
Very true! So they do!"⁴⁴

Hierdie eeu plaas 'n hoë premie op die uiterlike en die voorkoms van sake, terwyl die kern, die werklikwaardvolle so dikwels terwille van die indruk of skyn verswyg moet word. Gilbert het volgens Adamson ons tydsgees tereg soos volg besing:

"Jackdaws strut in peacocks' feathers!"

39. T.O.D. Jaarverslag 1921, 27.

40. Ibid, 27.

41. Ibid, 27.

42. Ibid, 1906, 11.

43. Van Rooyen: Sir John E. Adamson as Opvoedkundige, 61 tot

44. Adamson: Externals and Essentials, 1.

Dit is sy oortuiging dat hierdie gety deur ons as opvoeders teengewerk moet word. Ons moet en mag ons nie deur voorkoms en indruk laat bedwelm en verlei nie.

"Our primary concern is the welfare and development of the children - "45

Om hierdie welvaart en ontwikkeling van die kind te bevorder bepleit hy die beleid van sentralisasie van skole op 'n grondslag van verpligte skoolbesoek:

"Compulsion should be exercised where persuasion and due warning fail, and exercised without hesitation⁴⁶ All primary education should prepare for further training.....⁴⁷ The ideal of continuous education up to at least the seventeenth or eighteenth year is finding acceptance everywhere."⁴⁸

Vir hom is beide 'n deeglike voorbereiding vir die lewe en die aankweking van nasionale bevoegdheid⁴⁹ noodsaaklike pligte van die skool en daarom moet middelbare onderwys 'n belangrike nasionale staatsplig wees:

"If greater efficiency in the individual and national life is to be secured, the first step is to think of education in more generous terms than has been the practice hitherto."⁵⁰

En wat is hierdie „more generous terms?“ Dit word gevind in die vryheidsideaal waarvoor ons veg:⁵¹

"We find it in the unity of purpose which inspires the Empire as a whole. We find it in the daily sacrifice and the daily proof of valour. The schools must foster these ideals as fully as they can within the limits of their opportunities."⁵²

45. T.O.D. Jaarverslag 1908, 147. Algemene omsendbrief No. 1 van 1908.

46. T.O.D. Jaarverslag 1915, 7.

47. Ibid, 1915, 13.

48. Ibid, 1915, 14.

49. Ibid, 1915, 17 tot 18.

50. Ibid, 1917, 88 tot 89.

51. 1914-1918 Wêreld-Oorlog.

52. T.O.D. Jaarverslag 1917, 88.

En omdat hy ontken⁵³ dat hy imperialisme verkondig, kan ons aanneem dat hy die nasionale bewusmaking van die jeug as 'n taak van die skool beskou het.

In 'n land soos Suid-Afrika kan die gedagte van nasionale saamhorigheid en die daaruit voortvloeiende nasionale eenheid altyd 'n baie mooi en selfs gepaste en gewilde teksvers wees. Waar ons met 'n ingewikkelde rassevraagstuk te doen het en met die chaotiese toestande wat dit meebring, kon Adamson, wat orde na die omwentelinge van 1902 moes skeep, sy toevlug tot hierdie teksvers neem:

"It is impossible to establish a high standard of culture in and for the South African Youth if the linguistic currency becomes debased. The ramifications of language into the intellectual, aesthetic, and moral life of a people are far-reaching. It is, indeed, not too much to say that to the stability and nobility of the whole fabric of spiritual culture a pure, refined, and lofty style of speech and writing stands in the relation of the necessary cement..... Practically every child in the public schools is learning both languages, and this, as a factor in the realization of the great ideal of national unity, cannot be over-estimated."⁵⁴

Derhalwe moet die jeug van beide blanke bevolkingsdele by voorkeur in dieselfde skole onderrig ontvang, want die stigting van aparte skole sal voortdurend en nuwe vraagstukke skeep:

"At the same time the consequences of separation have to be faced."⁵⁵

En daarom beskou hy skoolsport en die kadetbeweging as twee noodsaaklike middels in die eenwordingsproses van die twee blanke bevolkingsdele in Transvaal:

53. T.O.D. Jaarverslag 1917, 89.

54. Ibid, 1910, 62.

55. Ibid, 1912, 16.

"Especially worthy of note is the development of corporate loyalty sustained by games and cadet work."⁵⁶

Hierbenewens mag ons as opvoeders die lesse wat die Eerste Wêreld-oorlog ons leer nie uit die oog verloor nie:

"In times of stress and strain the real character appears in the nation as well as in the individual."⁵⁷

Wat is dan die grondgedagte van Adamson se onderwys en opvoeding vir die Transvaal? Op die eerste April 1919 hoor die Transvaalse onderwyspersoneel dit uit sy eie mond:

"Even to-day our solidarity is not complete."⁵⁸

In hierdie toespraak gee hy 'n duidelike uiteensetting van sy standpunt. Hy wil deur onderwys en skoolopvoeding goeie en sterk persoonlikhede vorm, wat steeds bereid sal wees om selfsugtige belange terwille van 'n groter eenheid, die solidêre gemeenskap sal laat vaar. Met ander woorde, volksdiens moet bo persoonlike voordeel gestel word.

7. WAARDERING VIR SY WERK.

Scott, wat Adamson in 1924 as Direkteur van Onderwys opgevolg het, sê dat die stoflike groei van die onderwys in Transvaal tengevolge van deeglikheid en voortreflikheid geen verklaring vereis nie. Hy kon egter nie nalaat om op besondere wyse na die vooruitgang van die onderwys as sodanig te verwys nie:

"In elke sfeer van die Departement se werk het die hand van sir John Adamson sy stempel agtergelaat. In die laerskool is die leerstof georganiseer en 'n lewende werktuig van onderrig gemaak, en, wat meer is, daardie leerstof is lewend gehou deur 'n besef van die noodsaaklikheid vir verandering en ontwikkeling. In die middelbare skole is die diens tyd van die gewese Direkteur gekenmerk deur 'n tydperk van buitengewone

56. T.O.D. Jaarverslag 1912, 69.

57. Ibid, 1917, 88.

58. Ibid, 1918, 211.

geesdrif en stimulus. Hierdie geesdrif is nie beperk tot een vaste tipe van leerstof nie, maar het baie daartoe bygedra om aan die uiteenlopende eise van verskillende seksies van die bevolking tegemoet te kom. Die instelling van die middelbare skool sertifikaat, wat aan die een kant voorsiening maak vir die seuns en dogters wat wens om na die Universiteit te gaan, en aan die ander kant vir die wat 'n leerstof wens wat hom minder aanpas by die behoeftes van die Universiteit, is 'n bewys van die ruime opvatting van sy taak.

Maar, soos die gewese Direkteur ten volle besef het, is die hoeksteen van enige onderwysstelsel die onderwyspersoneel, en die laaste 19 jaar het blyke gegee van 'n buitengewone ontwikkeling in die opleiding van die onderwysers.

In 1905 was die matrikulasie peil, aan die akademiese kant, nog die ideaal waarna 'n onderwyser moes strewe. In 1924 is die besit van 'n graad niks besonders nie en sou byna 'n gewone vereiste kan geag word vir elkeen wat onderwyser wil word.⁵⁹

Sewentien jaar later som een van ons bekendste opvoedkundiges⁶⁰ Adamson soos volg op:

„As onderwysman, opvoedkundige, direkteur en as mens, sal hy 'n blywende plek in die Transvaalse Onderwysgeskiedenis behou.”

Dit was vir die Transvaal van onskatbare waarde om in die wordingsjare van sy onderwys oor die dienste van 'n opvoedkundige wysgeer soos Adamson te beskik.

59. T.O.D. Jaarverslag 1924, 6.

60. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 168.